COVID HOTLINE 021 928 7102

HSH – NOU MEER AS OOIT TEVORE, DOEN ONS DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON

VALUE FOR TERM 3 – LEAVE A LEGACY!

Newsletter 18/2020
18 September 2020

Geagte Ouers

Mnr. Jeremy Constable het my gister weer opnuut herinner aan die mooi Afrikaanse woord “ligvoets”. Dis ‘n woord met vele betekenisse en konnotasies, maar vanoggend is dit verseker ‘n refleksie van my gemoed. Eerstens: ons kinders kan pouses hou sonder maskers! Ons het hierdie wonderlike nuus gisteraand ontvang in die nuutste Covid-19 Standaard Operasionele Prosedure vir skole. Verder is dit wonderlike nuus dat die HSH-familie vanaf Maandag, 21 September, weer in volle getal by die skool kan wees. Alles dui daarop dat ons stadig maar seker besig is om na normaal te beweeg. En daarom dartel ek vanoggend “ligvoets” deur die lewe.

I also want to assure everyone in the HSH family that we will always act in the best interest of our learners and in line with regulations and operational procedures. We will also continuously strive to return to normality as soon as possible, for the sake of our learners.

1. Begroting

Ouers word ingelig t.o.v. ons jaarlikse Begrotingsvergadering op Donderdag, 15 Oktober 2020. Hierdie vergadering sal in die skool se admin. blok plaasvind en die beplande Begrotingsbedrae vir skool-, koshuis- en busfooie sal dan aan ouers voorgelê word vir goedkeuring. Hierdie Begroting lê ook ter insae by die skool en ouers is welkom om dit te bestudeer. Na goedkeuring sal skool-, bus- en koshuisfooie aan ouers gekommunikeer word.

2. Verkiesing van Verteenwoordigende Raad van Leerders

Hoërskool Hopefield het die afgelope weke begin met die verkiesing van leerderraadslede vir 2021 in Graad 9-12. HSH se VRL-verkiesingsbeleid is in 2019 aangepas en die klem is verskuif na die leerders sodat hulle keuse van leiers op hierdie raad dien. Die volledige verkiesingsbeleid is op ons webwerf beskikbaar.

3. HSH Gholfdag

HSH se bemarker, mev. Anneke Basson, en mnr. Jurgens Schreuder het besluit ons moet die feit dat gholfbane oop is, benut tot voordeel van HSH. Hulle is volstoom besig met ‘n HSH-Gholfdag wat op 10 Oktober op die Vredenburg-gholfbaan gaan plaasvind. Ons het ook al lootjievorms aan leerders uitgedeel om saam met hierdie fondsinsamelingsprojek te loop. Ons is deeglik bewus daarvan dat ons in ‘n moeilike finansiële tyd leef. Dit gaan HSH se enigste fondsinsameling vir die res van die jaar wees. Kom ons gaan, so ver moontlik, voluit met hierdie projek!

Baie dankie aan al die borge wat hierdie dag moontlik maak met hulle ondersteuning. Weereens staan ons in verbasing oor die ongelooflike ondersteuning wat HSH ontvang!

4. **School attendance**

The negative impact of the Covid pandemic on our learner's academic progress will only rear its ugly head in the years to come. Luckily school management and the Governing Body's pro-active attitude during this year ensured that HSH learners optimised every learning opportunity. One of our best investments for the future was to get our Foundation Phase learners back at school as soon as it was possible. All our grades now have that opportunity. Our children have the benefit to be at school every day with dedicated teachers in front of them. If hard work is put in and school attendance is handled with responsibility, we will reap the benefits in the years to come. Let us do that for the sake of all our HSH learners!

5. **Sosiale media**

Ek het in die vorige nuusbrief geskryf oor 'n insident wat 'n lelike nadraai op sosiale media gehad het. My woorde was skaars koud of nog 2 leliker insidente spring uit die bos uit. Hierdie drie insidente se wortels lê in ledigheid en selfone. Ek kan nie genoeg beklemtoon dat ouers ook op die toneel moet wees wat selfone betref nie. Dit is ongelooflik ontstellend om te sien waarmee ons kinders besig is. Wees verseker dat die Beheerliggaam en die skoolbestuur alles in hul vermoë doen om te verseker dat die HSH-omgewing vir al ons leerders 'n veilige plek sal bly.

HSH se Graad 12's verlaat vandag die skool vir hulle Voorbereidende Eksamen. Ons wens hierdie groep seuns en dogters alle voorspoed toe!

Mooi wense!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

HOËRSKOOL HOPEFIELD
HOPEFIELD HIGH SCHOOL

Hoof/Principal: Wehan Fourie
Posbus / P.O. Box 23
HOPEFIELD
7355

E-pos/E-mail: hsh@sandveld.net
Webtuiste / Website: www.hshopefield.co.za

KENNISGEWING VAN VERGADERING

Hiermee word u kennis gegee van 'n ouervergadering op Donderdag, 15 Oktober 2020 om 18:00 in die skoolsaal waartydens die begroting vir 2021 van Hoërskool Hopefield, HSH Koshuise en busfooie bespreek en goedgekeur sal word. Die volgende punte sal bespreek word op die agenda:

1. Die huidige skoolfonds per jaar is R16 500 per leerder en die voorgestelde skoolfonds vir 2021 is R17 655 per jaar per leerder, 'n verhoging van 7%.
2. Die busfooie vir 2021 is as volg (oor 11 maande): Langebaan en Vredenburg R1 197 per maand, Saldanha en Velddrif R1 354 per maand, St Helenabaai R1 513 per maand, Langebaanweg R999 per maand, 'n verhoging van 7%.
3. Die huidige koshuisfooie is R20 141 per jaar en die voorgestelde fooi vir 2021 is R23 163, 'n 15% verhoging. Die inskrywingsfooi is R300 per leerder.
4. Indien u wil aansoek doen om vrystelling van skoolgeld, koshuissubsidie of enige inligting nodig het rakende 'n aansoek, skakel asseblief met die skool se Finansiële Beampte. 'n Vrywillige maandelikse betaling van R250 per kind is betaalbaar indien volle vrystelling goedgekeur word soos bepaal deur Resolusie 1 van 22 Oktober 2015.
5. Die begroting sal 14 dae voor die vergadering by die skool beskikbaar wees ter insae van die ouers.
6. 'n Mosie sal voorgestel word wat deur die meerderheid ouers teenwoordig wat stem, goedgekeur moet word, en die besluit sal op alle ouers bindend wees.
7. U word uitgenooi om hierdie vergadering by te woon en u teenwoordigheid is baie belangrik.

NOTICE OF MEETING

Notice is hereby given of a parent-meeting on Thursday, 15 October 2020 at 18:00 in the school hall when the budget for 2021 for Hopefield High School, HSH Hostels and bus fees will be discussed and approved. The following points will be on the agenda:

1. School fees are currently R16 500 per learner per year and the proposed fees for 2021 will be R17 655 per learner per year, an increase of 7%.
2. The bus fees for 2021 are as follow (11 months): Langebaan and Vredenburg R1 197 per month, Saldanha en Velddrif R1 354 per month, St Helena Bay R1 513 per month, Langebaanweg R999 per month, an increase of 7%
3. Current hostel fees are R20 141 per year and the proposed fee for 2021 is R23 163, a 15% increase. Registration fee is R300 per learner.
4. If you want to apply for exemption of school fees, subsidy at the hostel or need information regarding an application, please contact the school's Financial Officer. A voluntary monthly payment of R250 per learner is payable if full exemption is granted as per Resolution 1 of 22 October 2015.
5. The budget will be available at the school 14 days prior to the meeting for review of the parents.
6. A motion will be proposed that will have to be approved by the majority of parents who vote. This motion will be binding on all parents.
7. You are invited to this meeting and your presence is very important.

W. FOURIE
SKOOLHOOF/PRINCIPAL

WEHAN FOURIE
Skoolhoof
04 SEP 2020
Hoërskool Hopefield